

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOIEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

1.3


2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Albanie

Titel van Projek: Gedeeltelike vrystelling van Paterson se Sinodale Dankoffer


3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Ds. PCPA Odendaal
Posadres:	Welshstraat 5, Adelaide, 5760
E-pos:	pcpaodendaal@gmail.com
Faks:	
Tel. (k):	072 727 9581
Tel (h):	072 727 9581
Selfoon:	072 727 9581

	28 Oktober 2025
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende Ds. PCPA Odendaal, in my hoedanigheid as skriba van die Ring van ALBANIE, dat hierdie projek op 28 Oktober 2025 deur die Ringskommissie goedgekeur is.

	28 Oktober 2025
Handtekening Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Paterson gemeente is 'n baie klein gemeente in die Ring van Albanie, met 'n lang en ryk geskiedenis. Die leraar van Paterson, bedien die hele dorp Paterson, asook die bruin mense op Alicedale. Die gemeente het nou slegs 108 belydende en dooplidmate oor, waarvan net 87 belydende lidmate is. Die gemeente bedien ook 24 ander persone, wat nie formeel deel is van die gemeente nie. Die kerkbywoning is bokant die gemiddelde kerkbywoning in die NG Kerk landswyd. Die 87 belydende lidmate gee finansiële verstommend baie. Hulle het die afgelope boekjaar meer as R815 000 gegee in dankoffer, bankkollekte, basaar en veeveilinge en ander insamelings. (Selfs meer gegee as vorige boekjaar) Ds. Marnico Wessels is die plaaslike predikant. Sy is baie geliefd, doen haar werk uitstekend en daar is geen bedieningsprobleem nie. Dit word nou vir die gemeente onbekostigbaar om vir haar salarisverhogings te gee. Haar pensioenbydrae is alreeds verlaag na 12%. As Ring wil ons graag toesien, dat sy ten minste volgende jaar 'n verhoging kry, al is dit net ten minste 'n inflasiekoers aanpassing of indien moontlik ook 'n kerfverhoging. Ons wil graag hê, dat sy kommersvry haar bediening moet voortsit, totdat daar vir haar 'n nuwe geleentheid in die bediening gegee word. 'n Predikant kan nie lekker werk, as sy of haar inkomste nie genoegsaam is nie. Ons wil hê Ds. Marnico Wessels moet kommersvry haar werk kan doen. Daarom sal dit wonderlik wees as die Sinode en die Ring, kan hande neem en vir Paterson – gemeente finansiële kan help, totdat daar 'n oplossing kom.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Ds. Marnico Wessels, sal dan wel 'n verhoging kan kry, waardeur die gemeente van Paterson, asook die bruin lidmate van Alicedale voordeel sal kry van hulle eie predikant. Ds. Marnico Wessels kan dan kommersvry voortgaan met haar werk as leraar van Paterson.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Dat die gemeente Paterson afslag kry op die eerste R9 600 van hulle Sinodale Dankoffer van 2026 / 2027. (Subsidie)	Boekjaar van 2026 / 2027
Die Ring van Albanie, gee ook 'n afslag van R4 800 op die Ringsheffing van die boekjaar 2026 / 2027. (Subsidie)	Boekjaar van 2026 / 2027

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Ds. PCPA Odendaal	NG Kerke Adelaide en Fort Beaufort

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
---------------------------	-------------

Geen	
Geen	

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Geen

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Ring van Albanie gee 'n afslag van R4 800 op die Ringsheffing van Paterson – gemeente vir die boekjaar 2026 / 2027	R4 800
TOTAAL:	R4 800

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste	Geen
• Verblyfkoste	Geen
• Rekenaaruitgawes	Geen
• Skryfbehoeftes	Geen
• Drukwerk	Geen
• Telefoon	Geen
• Posgeld	Geen
• Verversings	Geen
• Subsidieer die gemeente Paterson om finansieel hulle geliefde leraar te kan bekostig.	R14 400
TOTAAL:	

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R14 400
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	R 4 800 (Afgetrek van Ringsheffing)
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R9 600

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Aansoek om kwytskelding van die eerste R9 600 van die Sinodale Dankoffer van Paterson gemeente vir die boekjaar 2026 / 2027.	R9 600

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Dat daar ondersoek ingestel word, hoe Paterson gemeente dalk gekoppel kan word aan ander gemeentes, selfs ook aan gemeentes buite die Ringsgebied – wat 'n permanente oplossing kan bied. Ds Marnico Wessels moet te alle tye ondersteun word, totdat daar vir haar 'n ander geleentheid in die bediening oopgaan. As jong leraar moet sy kan reken op ons Ring en Sinode se ondersteuning.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
 Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf